Verwysing: 20190909-8952
Lêernommer: 12/2/8/17/1/2
Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0008/2019

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Skriftelike verduideliking vir die laat indiening van leerdervervoerskema (LVS)-aansoeke vir Januarie 2020

1. Daar word verwys na Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut 0006/2019 waarin skole en onderwysdistrikte ingelig is oor die sperdatum vir die indiening van leerdervervoerskema (LVS)-aansoeke vir die instelling van nuwe roetes en die insluiting van addisionele leerders op bestaande roetes in Januarie 2020.

2. In die bogenoemde minuut is skole versoek om hul LVS-aansoeke vir 2020 teen 31 Julie 2019 by hulle onderskeie kringbestuurders in te dien. Onderwysdistrikte is versoek om teen 23 Augustus 2019 die afgetekende LVS-aansoeke by die Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderstеuning in te dien.

3. Weens die groot hoeveelheid LVS-aansoeke wat egter ná die sperdatum in die afgelope jare ontvang is, asook die gepaardgaande risiko's, het dit nodig geword dat 'n skriftelike verduideliking alle 2020 LVS-aansoeke vergesel wat ná 30 September 2019 ontvang word.

4. LVS-aansoeke wat ná 30 September 2019 ontvang word, sal slegs verwerk word indien dit vergesel word van 'n skriftelike verduideliking, of sodra die skriftelike verduideliking ontvang is.

GETEKEN: L McGLENATENDOLF
WAARNEMENEDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-09-13

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2327 Faks: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za